

STELLENBERG GEMEENTE

DATUM: 05 JULIE 2020

TEKS: PSALM 63:1-12

TEMA: 'N DIEPER KYK

WELKOM

AFKONDIGINGS

- Volg dit op die bord

VOTUM

Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God.

Ek dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn?

Dag en nag is ek in trane, want sonder ophou sê hulle vir my: "En waar is jou God nou?"

As ek my lewe voor my laat verbygaan, dink ek daaraan hoe ek opgetrek het na die woonplek van God, voor 'n skare uit na sy huis toe geloop het met gejuig en lofsang – 'n skare wat feesvier.

Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper en my God!

SEËNGROET

Die Here groet U vanoggend met die Woorde:

Ek is God drie-enig:

Die Vader wat Sy Seun gestuur het om vir ons sondes te sterf.

Die Seun wat opgestaan het en die dood oorwin het.

Die Heilige Gees wat in ons woon en ons bewaar tot die wederkoms.

LUISTER NA DIE LIED

- Hoe groot is ons God

SKRIFLESING

Ons is besig met 'n reeks oor die lewe van Dawid. Tydens hierdie reeks wil ons mense begelei om die unieke aard van hulle geloof te verken en wat dit prakties beteken om hulle geloof uit te leef in die wêreld waar hulle hulleself tans bevind. Ons wil dan ook in die vyf weke mense aanmoedig om die aanlyn vraelys te voltooi soos julle in die afkondigings gesien het

* Psalm 63:1-12

In die vroeë kerk is hierdie by elke byeenkoms gesing. Dit is beskou as 'n salwing vir elke seerplek en 'n balsem vir elke wond. Dawid skryf die Psalm terwyl hy in die Judawoestyn is. Hy was sonder huis of veilige plek en oorgegee aan die elemente van die woestyn. Wat hom ook verder ontstel is dat hy ver van God se tempel af is. Hy verlang na die teenwoordigheid van die Here. Dawid se hart en siel roep uit na God in hierdie omstandighede. Daarom word hierdie woestynpsalm ook deur sommige as "the Psalm of loneliness" beskryf en vertel iets van Dawid se gemoedstoestand tydens sy woestynervaring en veral hoe hy dit oorkom het.

* Lees Psalm 63:1-12

KINDERMOMENT

• BOODSKAP

INLEIDEND

Om dors te wees beteken vandag nie veel meer as om 'n kraan oop te draai of 'n ketel aan te sit nie. Maar woestyne gee 'n nuwe betekenis aan dors. Warm son, min skaduwee, genadelose winde, nêrens 'n kraan om oop te draai vir 'n bietjie water nie. Nie net het mens en dier dors nie, maar die aarde is dors. Elke druppeltjie vog word in woestyne opgeslurp om lewe vir 'n rukkie langer te kan behou. Alhoewel ons nie gereeld seker fisies aan woestyntoestande blootgestel word nie, gebeur dit dat ons soms in ons geestelike lewe 'n woestyntyd binnegaan. 'n Tyd van intense soeke na God. Dawid was fisies en geestelik op so 'n woestyntyd in sy lewe.

DAWID IN DIE WOESTYN

En dit is hier in die woestyn waar koning Dawid homself ook in Ps 63 bevind. In die woestyn van Juda waar hy vlug vir sy eie seun Absalom. Dawid se seun Absalom het teen hom in opstand

gekom met die doel om sy pa se koninkryk oor te neem en self as koning gekroon te word. Toe Dawid van sy seun Absalom se opstand verneem, het hy uit Jerusalem gevlug na die onherbergsaamheid van die Juda woestyn. Hierdie is waarskynlik die moeilikste tyd van Dawid se hele koningskap. Die man na God se hart is eensaam, verworpe, hartseer. Letterlik gestroop van alles wat eens vir hom sin gemaak het in sy lewe.

Wat doen Dawid in hierdie moeilike tyd in sy lewe?

DAWID KYK NA BINNE

Dawid kyk eerstens na binne. Hy doen introspeksie. Wat sal hy ontdek? 'n Diepe dors, 'n smagting en soeke na die lewende God. Juis in hierdie **dorre onherbergsame gebied** smag Dawid se siel na **geestelike water**, na uitkoms, na God. In die **woorde** soos **soek, dors en smag beklemtoon** hy dat hy na **God verlang**. *Ons hoor* in hierdie **woorde** die **eensaamheid, bangheid, angs en gevoelens van verwerping** wat Dawid moontlik **ervaar** het tydens sy **wegvlug**. Hy is in die **moeilikhed**, sy lewe is in **gevaar** en hy **beleef** hierdie **intense geestelike dors**, hierdie **soeke** en **verlange** na God se **teenwoordigheid**.

As Dawid met soveel passie God opsoek bely hy daardeur: Hy kan nie sonder God nie! Net soos iemand soek na water wat dae lank niks gehad het om te drink nie, so het Dawid hierdie verskriklike smagtende behoefte na God se teenwoordigheid! Dit beleef hy as hy na binne sy siel kyk.

DAWID KYK OP

Dawid kyk ook op en wat doen hy? Hy loof die Here. Hier in sy benoude eensame oomblik loof Dawid vir God. Hoor hierdie pragtige lofsang wat Dawid vir die Here sing.

4U troue liefde is meer werd as die lewe: daarom sal ek U prys.

5Ek sal U my lewe lank loof, my hande ophef om u naam te prys.

En hy sing oor God se troue liefde. Dit is juis hierdie troue liefde wat 'n lofsang op sy lippe plaas. Wat uitstaan hier is dat Dawid nie net die Here loof en prys as hy veilig in sy paleis is nie, maar juis ook hier in uitdagende en moeilike omstandighede prys Dawid die Here uit volle bors. Ten spyte van sy huidige ontbering weet Dawid dat dit die Here is wat hom deur sy hele lewe lank beskerm. Daarom loof hy die Here.

DAWID KYK TERUG

Derdens kyk Dawid terug. Hy doen doen retrospeksie.

7As ek aan U dink op my bed, oor U peins in die nag, dan weet ek:

8U is vir my 'n hulp, en dan juig ek oor die beskerming onder U vleuels.

9Ek bly altyd naby U, u hand ondersteun my. Here, wat ook al gebeur – ek bly naby U.

Deur die nag wanneer alles stil word in die woestyn, kry Dawid kans om retrospektief terug te dink aan sy verlede en besef hy watter wonderlike ondersteuning hy van die Here ontvang het. Hy dink terug aan die wonderlike pad wat die Here met hom geloop het, van skaapwagter tot koning, van jong seun tot oorwinnaar oor die reuse Filistyn, Goliat! Dit is juis hierdie terugkyk wat Dawid moet gee, want hy weet die Here is nou ook by hom net soos die Here in die verlede by hom was.

WOESTYNTYE IN JOU EIE LEWE

Omtrent almal van ons het al so 'n "woestynervaring" soos Dawid beleef. Die lewe loop **soms snaakse draaie** met 'n mens. Elkeen van ons **worstel** soms met **teleurstellings** en **probleme**. Tye van **droogte** en **dorheid** in ons lewens. Verskillende dinge in ons lewens kan ons laat voel dat ons in 'n woestyn is. En verskillende dinge bring ons by ons woestyntye uit. Ons kan dit ervaar as tye van verlies, of twyfel oor God se teenwoordigheid. Dit is tye waar ons heeltemal gestroop is van al die sekerhede waarop ons staatgemaak het. Dit kan **gebeur** as gevolg van die **beproeving** van **siekte**, **swaarkry** of selfs **geestelike insinking**. Wat doen ons as ons **deur sulke tye** gaan? **Sulke woestyntye?**

Hoe het **Dawid** hierdie tye **hanteer**?

OM NA BINNE TE KYK

Ons leer uit Psalm 63 dat Dawid homself ondersoek het en tot die besef gekom het dat hy 'n diepe verlange na God het. Hier in die woestyn gestroop van alles het hy 'n intense soeke, dors en smagting na God. Nie na ander dinge nie, nie na kos, water, gerief of bevryding nie, maar na God. Alhoewel hy eintlik hierdie dinge nodig het, want hy is verlate in die woestyn. Maar hy verlang eerder om by God te wees, want God alleen kan die leemte in jou binneste vul! Dit is net die Here wat ons geestelike honger kan voed en ons geestelike dors kan les. Wanneer ek en jy dus in ons woestyn ervaring is, kyk na binne en sien raak dat jy God se teenwoordigheid nodig het. Ons bid

baie keer help my met dit Here, gee dit vir my Here, los asb. hierdie krisis op. Leer vanoggend by Dawid en maak jou innerlike geestelike dors stil met God. Ons woestyn ervaring is dikwels 'n manier om ons weer nader aan God te bring.

OM OP TE KYK NA GOD

Die tweede aspek wat ons vanoggend by Dawid leer is om in krisistye of woestyntye God te loof en te prys. Dawid steek sy hande op om die Here se lof te besing! As jy om jou kyk en alles lyk stukkend en verlore en hopeloos, volg Dawid se voorbeeld om op te kyk na God en Hom te loof en te prys. Dawid leer ons dat as ons opkyk na God, om Hom te loof en te aanbid bid dat ons Sy teenwoordigheid, mag en grootheid in ons omstandighede sal ervaar eerder as wat ons net fokus op ons omstandighede.

Om God te prys in die moeilike tye verminder nie noodwendig ons swaarkry of neem dit nie weg nie. In plaas daarvan lei dit ons fokus na wie God is. Hy verander nooit. Hy het belowe om nooit sy kinders te verlaat of te laat vaar nie, sodat ons op Sy teenwoordigheid kan staatmaak, selfs as ons hart en gedagtes dit nie kan bevestig nie. Hy is naby die gebrokenes van hart.

OM AGTERTOEF TE KYK

Die laaste aspek wat ons by wil stilstaan vanoggend en wat ons by Dawid leer is om ook soms terug te kyk en te sien hoe die Here ons in die verlede gehelp het. Vriende, God se lang pad met ons is seker een van die duidelikste tekens van sy voortdurende nabyheid en sorg. Maar juis daarom moet ons ons gedagtes op die regte goed rig, veral as dit donker raak en ons in woestyntye is. Dit is juis dan wanneer ons moet peins oor God se sorg sodat ons met moed en krag en dankbaarheid aan te hou lewe ten spyte van ons woestynervaring

TEN SLOTTE

U sien, dit is die les van woestyne. Woestyne het die manier om perspektief te bring op die dinge wat werklik van waarde is. Om ons dieper te laat kyk na die lewe. Om ons te laat kyk na dinge wat werklik saak maak. Woestyne stroop jou van jou koningskap – en dit maak jou dors vir God.

Hoe kan ek die **eise** van my **werk**, my **gesin**, hierdie land, my finansies hanteer? Hoe kan ek deur die **woestyn** van die lewe gaan? Ek moet **tyd inruim** om **stil** te word by die **oase**. Ek kan slegs die **moeilike ervarings** hanteer as ek van die **ware water gedrink** het. As ek geleer het om na binne te kyk, op te kyk en na agter te kyk. AMEN

LUISTER NA DIE LIED

- Ek soek U o God my God/ Soos 'n wildsbok

SEENGROET

Die Here sal julle seën en julle beskerm;

die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;

die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!